| ENTREPRENEUR |

# Raakvatter

*Die SAID se regrukman skuif na direksie van Huge Group en stig sy eie maatskappy.*

**KEN JARVIS**, gewese inligtingshoof van die SA Inkomstediens (SAID), het 'n reputasie as 'n meedoënlose regrukspesialis opgebou toe hy gehelp het om die stelsels in te stel wat die SAID van 'n gewone (meestal ondoeltreffende) staatsdepartement omgeskep het in 'n gevallestudie van hoe dit gedoen kan word.

Jarvis het onlangs 'n nie-uitvoerende direkteur geword van Huge Group, 'n bestuurdetelekommunikasiemaatskappy wat op die Alt$^X$ genoteer is en deur die jong entrepreneur Anton Potgieter bestuur word.

Hoewel dit nie 'n uitvoerende rol is nie, plaas die skuif Jarvis weer in die kalklig nadat hy as inligtingshoof van AA Autobay 18 maande uit die openbare oog was en 'n lang afwesigheid van die JSE, toe hy in die direksie van die ou Idion Technology Holdings gedien het.

Jarvis is destyds betrek as hoof van die SA bedrywighede. Die vrugte op sy arbeid het egter nooit regtig werklikheid geword nie nadat 'n uitgerekte vyandige aanbod van die Kanadese groep DataMirror – wat die plaaslike bedrywighede uitgesluit het – die wind uit hul seile geneem het. Idion het Vision Solutions, sy Amerikaanse onderneming, later aan 'n bestuursgesteunde private-ekwiteitgroep verkoop en van die JSE gedenoteer.

Hoe meer ons gedoen het, hoe meer het dinge vanself gebeur.
Ken Jarvis

Voor Idion het Jarvis 'n lang loopbaan in die IT-sektor gehad – hy het nou 34 jaar ondervinding – by IBM, Nedbank, Momentum Life, Amplats en MultiChoice.

Jarvis sê hy het in elke vorige rol heel spesifieke vaardighede aangeleer, wat almal goed te pas gekom het by die SAID.

Ondanks sy hoë aansien is hy baie beskeie oor sy rol by die SAID en hy skryf die sukses toe aan spanwerk. Hy sê hy het bloot planne ingestel wat goed gewerk het en wat elkeen op die sukses van die vorige gebou het. "Hoe meer ons gedoen het, hoe meer het dinge vanself gebeur," sê hy.

Dieselfde formule kan gerus by ander departemente op die proef gestel word, soos by binnelandse sake. Jarvis glimlag net en skud sy kop op die vraag oor wat elders gedoen moet word.

Sy mandaat by die SAID was om die IT-afdeling reg te ruk en kliëntgerigte stelsels te verbeter. Hy het ontslae geraak van die gewoonte om hoofsaaklik kontrakpersoneel te gebruik en het die departement gevul met permanente (60%) swart personeellede. Hy het ook gehelp om die regte stelsels en prosesse in te stel vir verkryging (meesal SEB, maar sonder om multinasionale reuse soos Microsoft en IBM uit te sluit).

Nog 'n hoogtepunt vir Jarvis was om elektroniese indiening aan die gang te kry, hoewel Barry Hore, die huidige inligtingshoof, krediet moet kry vir die talle nuwe eienskappe wat die stelsel nou het, sê Jarvis.

Jarvis is dalk in aanvraag as inligtingshoof elders, maar hy het ander idees. In Augustus 2007 het hy sy eie maatskappy, Jika Africa, gestig wat as 'n konsultant- en mentoronderneming begin het.

Jarvis sê by die SAID het hy graag jong, meesal swart talent gehelp koester en as mentor opgetree en gesien hoe hulle ontwikkel tot "uitstaande IT- uitvoerende amptenare". Hy sê hy het 'n talent om agter die skerms met mense te werk en wil dit ook elders doen. Jika "verhuur" hom dus aan maatskappye, owerhede en ander organisasies waar hy dié rol moet speel op 'n eenmalige of deurlopende grondslag. Hy werk met mense wat van junior bestuurders tot senior uitvoerende amptenare wissel.

Maar hy het baie groter aspirasies vir Jika.

Die tweede deel van die naam, "Africa", is nie toevallig nie, sê Jarvis. Hy glo in die potensiaal van die vasteland en wil deel wees van die opbloei wat in maatskappye en regerings plaasvind. Jika het reeds kontrakte en/of potensiële kliënte in lande soos Botswana, Namibië, Swaziland, Ghana en Kenia. "Daar is geweldige geleenthede in Afrika," sê Jarvis, en hy voeg die heropbou van Zimbabwe by sy lys.

En hy bly ook nie net by konsultasie en tegnologie nie.

Jika het 'n belang in 'n klein laekostebehuisingsmaatskappy wat nuwe tegnologie van Swede gebruik wat die Imison-stelsel genoem word. Dit behels basies dat huise van skuimpolistireen gebou word en dat die mure dan versterk word met 'n veselsementsproei met die naam Fibrecote.

Jarvis sê dié tegnologie maak dit goedkoper en vinniger om huise te bou as met tradisionele bakstene en beton, en die eindproduk is verbasend sterk en stewig. Volgens dokumente wat hy verskaf, kan 'n huis van 40 m$^2$ binne vyf dae gebou word – van die fondament tot gereed vir verblyf.

Sy eerste kontrak is vir 1 800 huise in Soweto.

Jarvis het Potgieter en sy regterhand, James Herbst, finansiële hoof, ontmoet toe Huge Group 'n inligtingshoof gesoek het. Hy het nie daarin belang gestel nie, maar het 'n posisie in die direksie aanvaar om die nodige fidusiêre beheerrol te speel wat van 'n nie-uitvoerende direkteur verwag word, maar ook om die maatskappy te help groei.

Jarvis sê hy het die aanstelling nie ligtelik aanvaar nie en het eers seker gemaak van die maatskappy se potensiaal en finansiële posisie. Hy sê ná onlangse ontwikkelings wat deregulering betref, is die telekommunikasieruimte 'n "oop mark" met nuwe, opwindende geleenthede.

**BELINDA ANDERSON**
belindaa@finweek.co.za